# Pergamus Gemeente

**Openbaring 2:12-17**

**= Die kerk wat tot bekening moet kom!!**

**Pergamus-was 'n lieflike stad. Met sy heuwels en**

**plantegroei was dit soos die ideale vakansie bestemming.**

**Pergamus was 'n hoofstad en al die Hawens het aan hom behoort. Wat hom baie invloedryk en vernaam gemaak het.**

**Dit was die Hollywood van ons tyd.**



**As jy 'n plek wou sien waar afgode en afgodstempels in groot hoeveelhede vertoon was, was dit die plek om te besoek. Daar was 'n afgod vir elke aspek van jou lewe. Zeus (krag), Dionysus (seksueel), Demeter (voedsel),Asklepion (medies), Athene (wysheid), Trajan (savior) en die keiser self was ook in hul oë soos 'n god.**

**Koning Adolus die 3de het egter alle beheer aan Rome teruggegee, maar Alexander die grootte het voor hy 30 was die hele Europa oorwin en so ook die pad oopgemaak vir die verkondiging van die Evangelie.**

**Christenskap het soos 'n veldbrand versprei en was sodoende 'n groot bedreiging vir Pergamus. Die hele stad se lewe was geskoei op hul rykdom en hulle afgode.**

**Open 2:13 Ek ken jou werke en die plek waar jy woon,**

Is dit nie ook vir jou 'n groot troos nie? Dat die Here my werke ken. Hy weet met watter gesindheid ek dit doen……Hy ken my hart….



En Hy weet waar ek woon!!!

So het die Here vir die Gemeente gesê: dat Hy weet waar hulle woon. Hy ken hulle uitdagings en Hy het ook 'n doel met die plek waar Hy hulle geplaas het, maar om effektief te wees, sal hulle moet HOOR.

**"waar die troon van die Satan is."** Dit is juis midde in die bose plek waar hulle meer as ooit moes vashou aan die Here. As ons

dink aan Daniël en sy drie vriende wat midde in so 'n bose plek geleef het, maar hulle het vas gestaan en uitgestaan vir die Enige God waarin hulle geglo het.

**"En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon"** Soos baie van die gemeentes is daar goeie goed wat hulle gedoen het. Die Here komplimenteer hulle daarvoor. Hy kom nie en probeer net al hulle slegte punte uitwys nie. Die Here ken ons harte, Hy ken die goeie in ons lewens, maar Hy ken ook die ander kant…..die kant wat ons nie graag wil hê, ander moet sien nie.

Ons moet nooit vergeet dat al hierdie Christene 'n felle stryd beleef het. Sodra hulle tot bekering gekom het, het alles verander. Ons sien hier bo dat selfs Antipas op hierdie stadium al gesterf het as Martelaar.

**MAAR**

Sommiges het moeg geword…. Skryf hier onder neer wat is dit wat die Here teen hulle gehad het.Open 2v

____________________________________________________
____________________________________________________
____________________________________________________
____________________________________________________
________________________________________

Onthou u vir Bileam en Balak? Bileam het vir Balak die raad gegee dat hy sy seuns en dogters onder die Israeliete moet instuur om hulle sodoende te verlei na afgode toe. Dit is presies wat hier gebeur het. Mense het moeg daarvoor geword om as buitestaanders bekend te staan. Hulle het begin vermeng met heidene en kort voor lank was hulle vasgedraai in die web van sonde.  Ongelukkig het die leer van Nikoaliete hierdie dinge net vererger.

**Ps 1:1** Welgeluksalig is die man wat **nie wandel** in die raad van die goddelose en **nie staan** op die weg van die sondaars en **nie sit** in die kring van die spotters nie;

Ons kry vandag die tendens dat selfs mense binne-in die kerk, wat nie ‘n getuienis van redding het nie, tuis en op hul gemak in die kerk is. Hulle is selfs in bestuursposisies en spoedig verval die kerk in krompromie en akkommodering van sonde.

Glo my, dit is soms die moeilikste ding om mense wat binne in die kerk is aan te spreek oor sonde. Baie keer sal ander mense sê dat hulle nie verstaan nie, kon ons dit nie net maar daar gelaat het nie. Hulle is tog goeie mense, hulle gee gereeld hul bydrae en is altyd gewillig om te help. Ons moet egter onthou dat al hierdie dinge jou nooit ‘n kind van God maak nie. Wanneer die kerk sonde akkommodeer, maak ons die deure oop vir krompromie.

**Daar was soveel van Pergamus in die Kerk☹**

Die vraag is hoe lyk ons as gemeente?

Hoe lyk ek as kind van die Here?

Hoeveel van Pergamus is in my lewe?

Ons hoor baie boodskappe van kansels af, of selfs mense wat met ander oor die Here praat, maar daar is baie krompromie oor sonde.

GOD BELOWE!!!

**Open 2:16 Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond. =** God waarsku die kerk in Pergamus (en ook vir ons vandag) dat hulle moet luister anders sal Hy sy oordeel uitgiet oor die gemeente.

**Open 2:17 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna,** God belowe dat Hy ‘n gemeente, ‘n siel wat toegewyd aan Hom leef sal voed met Sy manna = Sy Woord.

Joh 6:50  Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie.

Joh 6:51  Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.

**“en Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.”**

Wat belowe God vir hulle wat oorwin?

‘n Keursteen met ‘n nuwe naam op. ‘n Nuwe naam wat slegs die ontvanger sal ken. In Bybelse tye is Keurstene aan mense gegee om hulle uit te nooi na feesgeleenthede. Wanneer hulle dan by die plek kom, sal hulle die steen wys met hulle naam op.

So belowe die Here aan ons hierdie keursteen. Hierdie uitnodiging na die Bruilofsmaal. Die vraag is? Ken ek die bruidegom? Ken die Bruidegom my en is my naam in Sy handpalms gegraveer.